Geopende Deure

# GEBEDSKALENDER



April 2025

"Praat jý vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan."
SPREUKE 31:8

# APRIL

## NOORD-KOREA

**1 April**

Het jy aan Bybelstudie deelgeneem? Het jy Christene ontmoet? Dit is standaard vrae vir enige Noord-Koreane wat in China gearresteer en gerepatrieer is. Bid vir beskerming vir Noord-Koreaanse vlugtelinge.

**2 April**

As ŉ Noord-Koreaanse veldwerker van Geopende Deure in China, waag Han* haar lewe om met Noord-Koreaanse vroue te werk wat deur mensehandel na China gestuur word. Sy vra: "Bid bowenal vir beskerming teen spioene en die Chinese regering."

**3 April**

Onlangs is ŉ paar honderd Noord-Koreane – die meeste van hulle vroue – uit China teruggestuur en na Noord-Korea gerepatrieer, waar hulle in die tronk is. Bid asseblief dat God hulle nader aan Hom sal bring.

**4 April**

Han vra ook dat ons bid vir die redding van die vroue wat sy bedien – "dat hulle Jesus sal ontvang wat aan die deur van hulle harte klop."

**5 April**

Ten slotte vra Han ons om te bid vir meer werkers soos sy en ander, wat bereid is om risiko's te neem om Noord-Koreaanse Christene in China te ondersteun en hulle aan die Evangelie bekend te stel."

## SOEDAN

**6 April**

Die Soedan-oorlog maak dit al gevaarliker vir Christene wat in die kruisvuur vasgevang is. Hou aan om God vir redding en vrede te vra.

**7 April**

Die meeste Christene woon in die hoofstad (die konflik se episentrum). Geopende Deure-spanne sê hierdie gelowiges staar addisionele lyding in die gesig as gevolg van hul geloof en ligging. Bid vir dapper geloof.

**8 April**

Baie gelowiges is gedwing om van die geweld te vlug en is nou ontwortel uit hul huise. Vra God om hulle te herinner dat Hy by hulle is, waar hulle ook al is.

**9 April**

Dank God vir die veilige vrylating van 26 mans – meestal Christene – wat aangehou is nadat hulle weens konflik gevlug het. Hulle is gearresteer, ondervra en daarvan beskuldig dat hulle met opponerende magte saamgewerk het.

## BANGLADESJ

**10 April**

Bid saam met Kulsum* vir krag en veerkragtigheid. Haar familie is onder geweldige druk om hul geloof te verloën. Plaaslike Islamitiese leiers probeer hul kinders verbied

 **Name verander weens veiligheidsredes.*

om skool toe te gaan.

**11 April**

Bid vir hierdie gesin se beskerming en vra God om hulle teen dreigemente en druk te beskerm, en om in hierdie moeilike tyd oor hulle kinders te waak.

**12 April**

Kulsum se man kruip weg. Vra God om hom te beskerm en vrede te gee sodat hy sonder vrees kan terugkeer huis toe. Bid dat hulle sal aanvoel dat God se teenwoordigheid hulle deur hierdie teëspoed lei.

*Om in Bangladesj weg te kruip.*



**13 April**

Onthou vandag, op Palmsondag, jou vervolgde familie regoor die wêreld wat nie openlik die Heilige Week kan vier nie. Vra God om vir hulle pragtige herinneringe te bring dat die Koning reeds die dood oorwin het.

## NIGERIË

**14 April**

Dit is vandag elf jaar sedert meer as 276 meisies ontvoer is van hul afrondingskool in die Nigeriese dorp Chibok. Bid vir vertroosting en krag vir gelowiges wie se geliefdes – na beraming 91 – steeds vermis word.

**15 April**

ŉ Gebed wat beantwoord is! ŉ Nigeriese verpleegster, Alice Loksha, is ná ses jaar vry van haar ekstremistiese ontvoerders! Jy onthou dalk vir Alice, wat deur die Boko Haram-faksie ISWAP ontvoer is. Ons bid sedert 2018 vir Alice se tuiskoms.

**16 April**

Bid vir fisiese en geestelike genesing vir Alice en haar kind. Sy is tydens haar gevangenskap gedwing om met twee ISWAP-bevelvoerders te trou en het aan ŉ seun geboorte geskenk, wat saam met sy ma ontsnap het.

**17 April**

Bid saam met pastoor Simon in die Nigeriese staat Niger, waar duisende Christene deur ekstremistiese groepe doodgemaak en uit hul huise verdryf is. "Staan vurig saam met ons sodat ons sterk sal wees en uiteindelik sal oorwin," vra hy."

**18 April**

Bid vandag, op Goeie Vrydag, terwyl ons Christus se opoffering aan die kruis onthou, dat ons vervolgde familie wat soveel waag om

*Yana, die ma van ŉ Chibok-meisie, Rifkatu.*



Jesus te volg, sal weet hoe lief hulle Verlosser hulle het.

**19 April**

Terwyl ons op Heilige Saterdag voorberei om die opstanding te vier, bid vir beskerming teen aanvalle terwyl gelowiges in hul plaaslike kerke bymekaarkom. Vra God om sy hand oor hul vieringe te plaas en hul leiers te lei.

**20 April**

"Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan." Prys God! Bid vandag, op Paassondag, dat ons vervolgde familie die hoop en vrede sal verstaan wat Christus se opstanding vir ons seer wêreld bring.

## NOORD-AFRIKA

**21 April**

Bid saam met ŉ Christen-broer wat hom beywer om die Bybel in plaaslike tale te vertaal. Hy vra vir ons gebede: "Waar ons is, staan ons voor baie uitdagende omstandighede. Ons doelwit is om te verseker dat die Evangelie almal in die streek bereik."

**22 April**

ŉ Ander gelowige in Noord-Afrika vra ons om te bid vir die kinders van Christelike gesinne wat deurmekaar kan raak wanneer hulle heeldag by die skool van Islam leer. Bid vir gesinne se pogings om hulle kinders te dissipel.

**23 April**

Bid dat kinders in die streek die waarheid sal hoor en ken, en dat dit in hul lewens wortel sal skiet. Vra God om hulle te help om hul geloof te behou en standvastig te bly in hul strewe.

## BHOETAN

**24 April**

Pastoor Rajen het ŉ eenvoudige versoek: Hy wil saam met sy gemeente in Bhoetan aanbid sonder vervolging. Sy kerkregistrasie is egter geweier. Prys God vir veerkragtige leiers soos hy.

**25 April**

Toe pastoor Rajen dienste gehou het, is sy elektrisiteit en water afgesny. Hy neem sy saak na die regering. Bid asseblief saam met hom en ander Bhoetanese Christene wat net vreedsaam wil aanbid.

 *Name verander weens veiligheidsredes.

**26 April**

Bid asseblief vir pastoor Rajen se familie en huurders, wat met water en elektrisiteit sukkel. Bid dat God vir hulle ŉ weg sal skep en in hul dringende basiese behoeftes sal voorsien.

## MEXIKO

**27 April**

Altesaam 108 broers en susters van die staat Chiapas in Mexiko is dié somer weens toenemende geweld gedwing om uit hul gemeenskappe te vlug. Daar is kinders, vroue en bejaardes onder die ontwortelde gelowiges. Bid vir hulle voorsiening en leiding.

**28 April**

Hierdie ontwortelde gelowiges kom uit drie evangeliese kerke. Hulle het meedoënlose dreigemente van misdadige bendes in die gesig gestaar wat probeer om die dwelmbedryf in hul gebied te beheer. Prys God vir hulle moed en vra Hom om hulle te beskerm.

## MALI

**29 April**

*"Betaal ŉ Islamitiese belasting – of vlug."* Dit is die keuse wat gelowiges in ŉ streek in Mali, Wes-Afrika, in die gesig staar. Islamitiese militante het hul gemeenskappe oorgeneem. Bid saam met ons familie en onthou "dié wat mishandel word" (Hebreërs 13:3).

**30 April**

Vra God om by hierdie gelowiges te wees en hulle vertroosting en hoop te gee. Bid dat Hy sy mense sal help om vir Hom te bly staan, selfs al lyk dit na ŉ onmoontlike situasie. *God, wees by U volk.*

*Ontwortelde gelowiges in Mali.*



Geopende Deure

Geopende Deure Suider-Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

VOLG ONS OP:
www.opendoors.org.za

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. Nr: 2004/023397/08 – PBO Nr: 930011129